August 2021 | vol 6

# #INTEGRITASZA MONTHLY

**INSPIRE AND INNOVATE**

CiviNovus GROUP

Beste Integritas Vriende / Dear Integritas Friends

Dit is so maklik om ‘n belofte te maak, maar nie altyd so maklik om daarby te hou nie! Soms wanneer dit minder lekker is, soos byvoorbeeld om iemand te help trek, dink mens gou aan 'n verskoning soos 'n seer rug of 'n funksie wat jy nie kan kanselleer nie. Indien jy egter belowe het en nie jou belofte nakom nie, lei jou integriteit hieronder, maar wat beteken integriteit werklik?

*You have to move, but who will you ask to help? Probably you will ask family and friends that you trust and that you can totally rely on. You will avoid asking someone that disappointed you in the past, turning up late or making empty promises and lame excuses. You will ask people that will keep their word and are dependable, e.g. people with integrity.*

Integriteit is jou eie ideale en waardes in ooreenstemming met alledaagse lewenspraktyke. Mense met integriteit handel volgens hulle waardes en maak nie leë beloftes nie maar hou by hulle woord. Dus het integriteit ook baie met eerlikheid in gemeen.

Hoe verbeter jy dus jou integriteit? Begin met jou persoonlike waardes en pas hulle toe in jou alledaagse lewe deurdat jy woorde en dade aanmekaar verbind. Vra jouself gereeld, as jy iemand help of aanspreek, doen jy dit volgens jou eie waardes, soos wat jy self graag sou wou hê dat iemand vir jou moes help of aanspreek?

*Not all forms of integrity are related to personal values or human characteristics. However, all forms of integrity aim to achieve the faithfulness to certain rules, agreements or common laws.*

Vertroue en geloof loop hand aan hand met integriteit – die geloof in iemand se integriteit maak dat jy die persoon vertrou. Voorbeelde van verskillende vorme van integriteit is:
**Moraliteitsintegriteit** – het te make met karakter eienskappe, kultuur en tradisies wat grootliks bepaal wat as reg of verkeerd beskou word.

**Persoonlike integriteit** – het te make met die waardes en handelinge van 'n persoon. Persoonlike integriteit word getoon wanneer jy nie net vir jouself maar ook vir ander regverdig optree. Dit is nie altyd maklik nie aangesien jy dikwels mense met verskillende oortuigings tevrede moet stel. 'n Fluitjieblaser is 'n voorbeeld van persoonlike integriteit waar die persoon vooraf bewus is dat sy/haar aksie hom/haar self skade kan berokken.

**Liggaamsintegriteit** – is 'n mediese begrip wat verwys na die liggaam se ongestoorde funksionaliteit waarin veral jou immuniteitstelsel 'n groot rol speel.

**Territoriale integriteit** – het niks te make met persoonlike waardes of menslike eienskappe nie, maar wel met volksreg. Territoriale integriteit is deel van internasionale volksreg waarvolgens onder andere die grense van soewereine state beskerm moet word.

**Verwysingsintegriteit** of **Inligtingsintegriteit** – verwys na die volledig- en korrektheid van data. Hier bestaan spesifieke riglyne vir die invoer van data wat die konsekwentheid daarvan sal verseker.

*Winston Churchill said "We make a living by what we get, but we make a life by what we give."*
*To live with Integrity is one of the greatest gifts we can give. Characteristics of people with Integrity: They are humble, honest, generous, have tolerance, can be compliant, are kind, reliable, good, optimistic, loving, caring and understanding with lots of patience, have humour and most importantly know to do the right thing without anyone else knowing whether they did it or not.*
Ulrike Hanekom

Integritasza-team
August 2021

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

**Uitvoerende Kortkursusse van die Skool vir Sosiale Innovasie, Hugenote Kollege via Zoomsessies en Selfstudie**

Prys per Uitvoerende Kursus is **R2,900.00**
**Beurse** beskikbaar vir NG en VG Kerk personeel
Maatskaplike werkers kan **16,5 CPD punte** verwerf

Vir meer inligting en registrasie kliek op:
https://hugenote.com/ssi-shortcourses/

**Mensgesentreerde Ontwerpdenke vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap**
Woensdag 29 September tot 30 Nov, registrasie 23 September 2021
Datums vir Zoomsessies & individuele opdragte:

1. 29 September
2. 06 Oktober
3. 03 November

Individuele opdragte 30 November 2021

---

**Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap**
Woensdag 13 Okt tot 13 Des, registrasie 8 Okt 2021
Datums vir Zoomsessies & individuele opdragte:

1. 13 Oktober
2. 03 November
3. 17 November

Individuele opdragte 13 Desember 2021

---

**Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap en Emosionele Intelligesie vir Sosiale Besigheid**
Woensdag 10 November tot 17 Januarie 2022, registrasie 5 Nov 2021
Datums vir Zoomsessies & individuele opdragte:

1. 10 November
2. 24 November
3. 08 Desember

Individuele opdragte 17 Januarie 2022

KLIEK HIER

**Advertise here for R350 per month.**

#integritasza THE MOVEMENT